Munisipale Bestuurder

Cederberg Munisipaliteit

Clanwilliam

8135

Speaker van Cederberg Munisipaliteit

Cederberg Munisipaliteit

Clanwilliam

8135

**Re: MOSIE VAN WANTROUE IN BURGERMEESTER RUBEN RICHARDS**

Hiermee dien ons 'n mosie van wantroue in die huidige Burgermeester Ruben Richards om te dien met die volgende geskeduleerde Raadsvergadering op 30 Junie om 10h00. (2025) vir die volgende redes:

1. Hy is verantwoordelik vir die oorsig van die Senior Bestuur en het glad nie opgetree in die Clackson aangeleentheid nie. Hy het selfs so ver gegaan om te stem in die Clackson aangeleentheid op 12 Desember 2024 terwyl hy erken hy het 'n belang by Clackson.

2. Hy is bewus dat Clackson die wet verbreek het, soos genoem in die verklaring van die Munisipale Bestuurder, maar tree nie op nie want Namakwa Citrus, waarin hy voorheen 'n belang gehad het, kry krag teen 20% korting.

3. Sy kriminele gedrag en toesmeerdery van die korrupsie is vir die Raad en die gemeenskap 'n verleentheid. Belasting betalers moet boetes betaal namens Clackson volgens die beëdigde verklaring van die Munisipale Bestuurder. Sommige verryk hulself terwyl die hele gemeenskap verarm word.

4. Die Burgermeester het die goedkeuring van behuisings projekte uitgestel, sodat hy plan kan maak om behuising te verskuif, want volgens hom verdien arm mense nie goeie uitsig van hulle wonings nie.

5. Die Burgermeester se toesmeerdery van korrupsie en verryking van die rykstes van Clanwilliam kan nie meer geduld word nie.

Die Raad moet 'n bevoegde Burgemeester aanstel, wie na die belange van die Cederberg Munisipaliteit en sy inwoners, kan omsien.

VOORSTELLER RAADSLID J ENGELBRECHT.........................................

SEKONDANT 1 RAADSLID WJ FARMER ..........................................

SEKONDANT 2 RAADSLID JP HAYES ..........................................

SEKONDANT 3 RAADSLID ~~W~~ BLAAUW ..........................................

18 Junie 2025